Dienelkander

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos

10 Augustus 2014

OGGENDDIENS: Ds. Piet

Die doop word vanmôre bedien aan Sebastian, baba van Barend en Maria Pretorius. Baie welkom aan al die familie en vriende. Ons is saam bly oor die daad van liefde wat God aan sy kindertjies bewys.

Skriflesing: Johannes 16: 16 - 24
Teks: Johannes 16: 20 - 22
Tema: Wees bly oor jou nuwe lewe in Christus.

Ons is vanmôre bly oor die nuwe lewe wat God in Sebastian geskenk het. Die wonder van geboorte en nuwe lewe gryp ’n mens telkens aan. Net so moet ons telkens verstom staan en bly wees oor die wonder van die nuwe lewe wat God ons in Chistus geskenk het. Die blydskap na die geboorteproses word intens beleef omdat dit voorafgegaan is deur baie intense pyn gedurende die geboorte. Net so kan ons werklik bly wees oor ons nuwe lewe as ons die pyn van Christus se lyde oor ons sonde verstaan.

Voorafsang
Lied 447: 1, 2, 3

Ontmoetingsdiens
Intreelied Ps 66-2: 4: Votum; Seën; Loflied Ps 33-1: 1, 2; Geloofsbelydenis uit NGB artikel 1 - almal sê hardop saam.

Verootmoedigingsdiens
Wet voorlesing uit Sb 9-2: 1 - 8; Sing
Sb 9-2: 9; Gebed

Sakramentbediening
Doopformulier; Sing na die doop
Lied 292: 2; Gebed

Woorddiens
Skriflesing; Sing Sb 2-4: 1; Woordverkondiging

Antwoorddiens
Dankgebed; Liefdegawes; Sing Sb 3-4: 1, 5; Seën; Amen Sb 13-2.

AANDDIENS: Ds. Piet

Skriflesing: Matteus 27: 45 - 54
Teks: Mat 27: 51
Tema: Aardbewings: die aarde bid tot God en getuig van God.

Ons almal was die afgelope week “geskud” deur die groot aardbewing wat ons getref het. Die nuus en sosiale media het gegons soos almal vertel het van hulle ervaring van die aardbewing. Vir gelowiges is aardbewings meer as net ’n geologiese gebeurtenis wat vrees en skok inboesem. Die Here leer ons in sy Woord dat aardbewings ’n baie duidelike geestelike betekenis het. Aardbewings is as ’t ware die aarde se gebed en smagting na uitkoms uit ons gebroke bestaan. Aardbewings getuig ook van God. ’n Getuienis van sy almag, sy redding en sy oordeel. Het jy dit ook gehoor?

Vooraf sang
Lied 197: 1, 2 en Lied 207: 4 en 5

Ontmoetingsdiens
Intreelied Ps 104-1: 1, 15, 19, 20; Votum; Seën; Loflied Ps 46-2: 1, 2; Gebed

Woorddiens
Skriflesing;Woordverkondiging;

Antwoorddiens
Gebed; Liefdegawes; Gebed vir BnB: ébolakrisis ; Sing Sb 9-6: 3, 7; Wegstuurseën; Amen Sb 13-3.

MEELEWING

- Gerrit Schoonhoven (groep 9 - 082 837 2622) sukkel om te herstel na sy operasie en is steeds in die ISE van Medi-Kliniek.
- Hantie Grobler (groep 37 - 018 290 6013) se operasie het goed afgeloop en sy sterk tuis aan.
- DJ Moss (groep 3 - 079 429 4152) was by Stilfonteinmyn ondergronds toe die aardbewing ons getref het. Hulle het ’n baie noue ontkoming beleef en ons is dankbaar dat hy veilig is.
- Thinus Steenberg (groep 11 - 072 064 3215) se pa is in die hospitaal opgeneem en het ’n operasie ondergaan.
- Rina Vosloo (groep 17 - 082 818 5196) se ma is in Medi-Kliniek opgeneem vir behandeling.
- Sarita du Preez (groep 34 – 082 375 0572) se pa is baie ernstig siek en in die intensiewesorgeenheid van Medi Kliniek opgeneem.

Ons bid dat die Here spoedig beterskap, herstel en troos sal gee.

BAIE GELUK

Carmen Lubbe het aan ’n perdrybyeenkoms deelgeneem en verskillende pryse gewen.

ONS DINK OOK AAN DIE VOLGENDE LIDMATE WAT MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID SUKKEL

Sr Sannie Reyneke, sr Filina Coetsee, sr Marianne Kruger, sr Bettie Ras, sr Janet vd Walt, br Mannetjie Viviers, sr Hester Buys, br en sr Fanie en Ria Bezuidenhout.

ONDERSTEUNING VIR SIEKES

Vir ondersteuning of besoeke deur die hospitaalbesoeke-diensgroep, skakel hierdie week vir:
siekes@oosdoppers.co.za
Anna Smith (083 765 9813)
Walter Schutte (083 657 9369)

AFKONDIGINGS

Die volgende aktiwiteite vind DV hierdie week plaas:

Vandag
09:00 Gebedsgroep
09:30 Oggenddiens
Kleuterbediening
Katkisasie: 17
Tee en Koffie
18:00 Aanddiens

Maandag
17:15 Katkisasie Gr 10
18:30 Bedieningsdiensgroep

Dinsdag
06:00 Manne ondersteuningsgroep
17:30 Finansiële-diensgroep
19:00 Sustersamekoms

Woensdag
16:30 Katkisasie Gr 8
17:15 Katkisasie Gr 9 en 11
18:00 Diakonie dagbestuur
18:00 Vergadering met Belydenisklasouers oor Botswana-uitreik
19:00 Beginpunt

Donderdag
10:00 Amandelbloeisels
17:30 Eiendomskommissie
18:30 Vergadering met groepleiers en ouderlinge wat as groepleiers optree.

JEUGFOKUS

Volgens die gemeente se kalender sou daar vandag jeugfokus gewees het na die oggenddiens. Ons weet egter dat gister ’n vakansiedag was en dat heelwat lidmate hierdie naweek opsy geplaas het vir gesinsaktiwiteite. In die lig hiervan skuif ons die jeugfokus uit tot ’n latere stadium en volg ons vandag die gewone program wat die katkisasie betref. Ons vra die ouers om asseblief toe te sien dat ons kinders op hoogte bly met hulle voorbereidingswerk vir die katkisasie, veral wanneer hulle ’n Sondag nie hier kan wees nie.

Fokus op ons missionêre roeping – God se plan vir die wêreld

Fokustyd : 24 Augustus tot 28 September 2014

Ons gemeente gaan vanjaar weer in Augustus en September ’n fokustydperk van verdieping in Woord en gebed aanpak. Ons doen dit weer op verskillende vlakke deur te fokus op huisgodsiensriglyne, riglyne vir groepsgesprekke en prediking. Die predikante is besig om die fokustydperkhandleiding te voltooi en dit sal eersdaags uitgedeel word. Ons wil ook alle groepe versoek om gedurende hierdie tydperk weer weekliks te vergader om saam deur die tema te werk.
Indien daar lidmate is wat nog nie in ’n groep, wat gereeld bymekaarkom, ingedeel is nie en vir hierdie fokustydperk by so ’n groep wou inskakel, kontak asb een van die die predikante.

VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

Sondag, 10 Augustus

Br Michiel de Kock	082 857 8619
Sr Henda Joubert	082 466 3695
Jsr Vanessa v Rooyen	072 185 0829

Maandag, 11 Augustus

Jbr Wynand Lubbe	082 877 2927
Sr Marique Reichel	082 657 4508
Br Willie vd Walt	083 797 5246

Woensdag, 13 Augustus

Br Hardus Kruger	082 555 0493
Sr Jana Schutte	018 290 6761

Donderdag, 14 Augustus

Br Chris de Bruyn	082 855 7962
Sr Emily Hefer	083 698 0299
Br Wihan Pieters	076 792 7463

Vrydag, 15 Augustus

Jbr Zard Aucamp	072 568 1737
Br Roelf Botha (73)	082 840 6974
Jbr Riaan de Kock	
Br Roelf Geldenhuys	079 721 9165
Br Jasper Venter	082 854 7229

Saterdag, 16 Augustus

Sr Barbara Coetzer	082 515 3838
Br Frans du Toit	071 333 3473

ANDER AFKONDIGINGS

- Liefdegawe vanoggend vir Barmhartigheid.
- Gawe by die deure vanoggend vir die Emeritusfonds.
- Gawe volgende Sondag vir die Teologiese studentekas.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit in die bussies by die deure.
- Diensbeurte: Groep 20 en 21.

SPESIALE OUDERLINGVERGADERING 17 AUG

Ons gee kennis van ’n spesiale ouderlingvergadering wat op Sondagoggend, 17 Aug, na die erediens gehou sal word met die oog op die begroting.

BELYDENISKLAS SE UITREIK NA BOTSWANA - VERGADERING MET OUERS

Op Woensdagaand, 13 Aug. om 18:00 vergader die belydenisklaskatkisante en hulle ouers met die oog op die beplanning van die Botswana-uitreik. Slegs een ouer per kind hoef teenwoordig te wees.

AMANDELBLOEISELS

Ons nooi al die Amandelbloeisels na ’n heerlike saamkuier geleentheid in die Skuur. LET WEL: Ons kuier saam op **Donderdag**, 14 Augustus om 10:00.

KLANK EN BEELD IN DIE SAAL

Daar is weer klank en beeld in die saal beskikbaar tydens eredienste. Ons poog om die kwaliteit nog te verbeter en enige klagtes kan by die rekenaarspan aangemeld word. Ons wil lidmate wat van die fasiliteit gebruik maak, versoek om so ver moontlik ’n erediensatmosfeer in die saal en konsistorie te handhaaf.

BEDIENING NA BUITE

Van die Teologiese studente is betrokke by Syferfontein waar die dames breiwerk doen vir ’n ekstra inkomste. Ons benodig skenkings van ou wol en tolletjiebrei “looms” asb. U kan dit by die kerkkantoor inhandig of kontak Martiens Heymans 072 934 9135.

Susters

TEESKINKGELEENTHEID

Tee word vandag in die Skuur bedien onder die leiding van Anrie vd Schyff (groep 4), Marian de Kock (groep 20) en Marika Els (groep 34) .
Baie dankie aan die groepsusters en hul groepe se susters en broers wat met die skink en opwas help! **Ons moedig susters en broers aan om te kom help met die skink en opwas – so leer ons mekaar en ons nuwe groepe beter ken!**

SUSTERSBYDRAE

Die susters se fondse word onder andere verkry van elke suster se vrywillige bydrae van R120 per jaar. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks ook aan verskillende verdienstelike instansies, hoofsaaklik in Potchefstroom, donasies gegee. Graag vra ons die susters wat kan om asseblief hulle sustersbydrae te gee om sodoende ook hierdie werk van die susters te help ondersteun. Dankie vir elke suster wat getrou haar bydrae gee!

MELKFONDS

Ons gemeente is bevoorreg om elke Sondag 'n heerlike koppie melkkoffie of tee te geniet na die erediens. Ons herinner graag alle lidmate aan ons melkfondshouers by die bedienpunte. Hierdie melkfonds word gebruik om juis in hierdie voorreg te voorsien. Graag vra ons vir enige donasies wanneer daar weer heerlik gekuier word rondom 'n koppie koffie of tee. Die donasies kan in die houers geplaas word en so verseker ons ook elke week se lekker saamkuier na die erediens.

SUSTERSAMEKOMS: DINSDAG 12 AUGUSTUS 2014

Al die susters word hartlik uitgenooi na die sustersamekoms Dinsdagaand 12 Augustus 2014 om 19:00. Dr. Amanda du Plessis gaan met ons kom praat oor die **vyf liefdestale**, soos Gary Chapman dit beskryf in sy boek *The five love languages*. Amanda is 'n pastorale berader en verbonde aan die Fakulteit Teologie, en die susters sal haar ook ken as 'n gereelde skrywer in *Die Vroueblad.* Sy bring ook kopieë van haar boek, *Eva het haar toonnaels rooi geverf: 'n Bybelstudie boek vir vroue oor gebrokenheid, bekering en heelwording,* wat verlede jaar verskyn het. Daar sal ook ander populêre publikasies van die Potchefstroomse Teologiese Publikasies te koop wees. Tooi jouself in rooi as jy so voel, en kom geniet 'n spesiale aand saam met ons.

BELANGRIKE DATUMS: DERDE KWARTAAL				
DATUM	**DAG**	**TYD**	**WIE**	**WAT**
12-Aug	Dinsdag	19:00	Blok A	Sustersamekoms
31-Aug	Sondag	19:00	Blok D	Gesamentlike jeug- en erediens Koffie, tee en sap
21-Sep	Sondag	19:00	Blok D	Ouderlingevergadering – verversings
27-Sep	Saterdag	16:00	Blok B	Nagmaalete
28-Sep	Sondag	19:00	Blok C	Gesamentlike jeug- en erediens Koffie, tee en sap

BELANGRIKE BESLUIT RAKENDE AANDEREDIENSTE

Die Kerkraad het op 17 Junie 2014 besin oor die inkleding van ons aanderedienste. Dit volg nadat lidmate die afgelope drie jaar vir besinning/verandering gevra het. ’n Opname is ook in die gemeente gedoen en ’n totaal van 153 vraelyste is terugontvang. Die opname het getoon dat lidmate baie positief is oor eredienste in die geheel, maar dat die bywoning van die aanderediens rondom 10% en minder is. Die saak is ook na afloop van die aanderediens op 18 Mei met lidmate bespreek.

Die Kerkraad het in ’n besinning oor die aangeleentheid aandag geskenk aan die volgende Skrifbeginsels ten opsigte van samekomste:

- Die vierde gebod: Sondag is God se dag en daar is ’n plig om God op die Sondag te aanbid en dit vir Hom af te sonder.
- Die oproep tot bywoning van die gemeentelike byeenkomste – vergelyk Hebreërs 10.
- Die Skrif gee geen aanduiding van die aantal eredienste op Sondae nie.
- Twee eredienste per Sondag is ’n gebruik uit die Hervormingstyd – dit was veral gemik op die leer volgens KO art 68.
- Die liefdesgebod wat gelowige se gesindheid behoort te rig is: met my hele hart, hele siel en al my kragte.

Ander oorwegings wat in berekening gebring is, sluit in:

- Wettiese benadering vs positiewe uitlewing van die Sondag.
- Die gesindheid van gelowiges – ’n minimum- vs maksimum-gesindheid.
- Die omstandighede van lidmate – bejaardes, boere, veiligheid, druk op gesinne, tydsomstandighede, ens.
- Die omstandighede van die gemeente in die geheel. (lokaliteit, bedieningsbehoeftes, ens).

Na oorweging van alle aspekte het die Kerkraad besluit dat elke tweede Sondagaand se eredienste met groepsaktiwiteite of byeenkomste/persoonlike besoeke deur die ouderlinge in die groepe vervang word – met dien verstande dat daar altyd ’n groep of groepe by die kerkgebou sal vergader sodat lidmate wat andersins aan ‘n erediens wou deelneem, steeds om 18h00 by ’n groep kan inskakel. Lidmate wat andersins steeds behoefte het om aand-eredienste by te woon, kan met groot vrymoedigheid by die Bult-gemeente se aanderedienste op die betrokke Sondae inskakel. Elke groep sal self hulle aktiwiteite beplan. Dit beteken egter nie noodwendig dat ’n groep op ’n Sondag hoef te vergader nie.

Die Kerkraad is bemoedig deur baie positiewe terugvoer rakende die kleingroepbediening en wil juis met hierdie reëling meer ruimte skep om die bedieningsmodel nog verdere momentum te gee. Die implementering van hierdie besluit is vanaf die lente, en die Kerkraad sal in November die saak evalueer met die oog op die skedulering van 2015 se aktiwiteite.

Dienooreenkomstig word die res van 2014 se **aandbyeenkomste** soos volg geskeduleer (oggenderedienste bly onveranderd):

31 Aug	Erediens	**7 Sept**	Groepsbediening
14 Sept	Erediens	**21 Sept**	Groepsbediening
28 Sept	Erediens (Oggend – Nagmaal)	**5 Okt**	Geen aandaktiwiteite (skoolvakansie).
12 Okt	Erediens	**19 Okt**	Groepsbediening
26 Okt	Erediens (Cachet: Hervormingsdiens)		
2 Nov	Erediens (gesamentlike jeug)	**9 Nov**	Groepsbediening
16 Nov	Erediens (Oggend, Nagmaal)	**23 Nov**	Groepsbediening (afsluiting)
30 Nov	Erediens, Kerssangdiens (Potch-Oos)		
7 Des	Erediens (laaste aanderediens vir die jaar)		
14, 21, 28 Des en 4 Jan	Geen aandaktiwiteite/aanderediens tydens skoolvakansie nie.		

BAIE DANKIE AAN ONS BORG VAN DIE WEEK!